Krag uit water

Laai die infografika af en lees dit stadig deur. Maak seker dat jy alles verstaan.

Woordeskat

hidro- water-
hidro-elektrisiteit elektrisiteit wat met behulp van die krag van water opgewek word
hoogspanningskrag elektrisiteit waarvan die stroom sterk is
kineties wat beweeg, bewegend
kondensasie die proses waardeur 'n gas in 'n vloeistof verander
kondensor toestel waarin kondensasie plaasvind
kragopwekker 'n masjien wat elektrisiteit opwek
kragstasie 'n gebou waar elektrisiteit gemaak (opgewek) word
laagspanningskrag elektrisiteit waarvan die stroom swak is
mega- miljoen-
megawatt elektriese krag gelyk aan 'n miljoen watt
metaangas kleurlose, reuklose gas wat kan brand
opgaar bymekaarmaak, versamel
skema 'n uitgewerkte plan
spanning krag wat 'n elektriese stroom laat vloei
transformator 'n masjien wat 'n elektriese stroom sterker of swakker maak deur die spanning van die stroom (wat in volt gemeet word) te verhoog of te verlaag
vuuroond 'n groot oond waarin daar 'n baie warm vuur brand
watt die eenheid wat gebruik word om elektriese krag te meet
windplaas 'n groot stuk grond waarop daar baie windmeulens gebou is wat die krag van die wind gebruik om elektrisiteit op te wek

Woordsoek

Soek op die infoblad een woord vir elk van die volgende omskrywings.
Is jou antwoorde reg? Gebruik jou HAT-skoolwoordeboek om seker te maak.

1. stof soos hout, olie, steenkool, ens., wat verbrand kan word om lig/hitte/energie te gee
2. harde swart mineraal wat uit die grond gegrawe word om as brandstof te gebruik
3. vetterige vloeistof wat as brandstof gebruik word
4. stof soos lug, wat nie 'n vaste stof of 'n vloeistof is nie, en wat gewoonlik nie gesien kan word nie
5. deur vuur of hitte vernietig of beskadig word
6. sterk warmte
7. krag wat gebruik word om hitte op te wek en masjiene te laat werk
8. buise waardeur vloeistof, lug of gas beweeg
9. die damp van kokende water
10. 'n masjien wat deur 'n lugstroom, stoom of vallende water aangedryf word
11. 'n gebou of struktuur met dele wat deur die wind gedraai word om graan fyn te maal of elektriese krag op te wek
12. krag wat op verskillende maniere opgewek word (en deur drade, kabels, ens. versprei word) om onder meer lig en warmte gee
13. toestel met 'n skerm waarop jy na programme kan kyk
14. 'n tou wat 'n elektriese stroom dra, veral onder die see, of een wat onder of bokant die grond gespan is
15. wat sterker maak
16. koeler word
17. iets vuilmaak
18. laat ontstaan
19. 'n masjien wat vloeistof of gas uit iets of in iets forseer
20. wat weer nuut gemaak kan word

© Pearson www.longman-hat.co.za